KAMPERING

AKTIWITEIT 1: GROEPDINAMIESE PROSES

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger in te skakel by groot sowel as kleingroep.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger die lede van die kursusgroep leer ken.
(b) Dat kursusgangers 'n duidelike beeld het van die kursusdoelwitte.

AKTIWITEIT 2: SOORTE KAMPE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger die belangrikheid en doel van verskillende soorte kampe te laat begryp.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger kennis dra van voorskrifte vir verskillende soorte kampe.
(b) Dat die kursusganger bewus sal wees van die doel met elkeen van die versikillende soorte Voortrekkerkampe.

AKTIWITEIT 3: KAMPTERREINE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger in staat te stel om moontlike terreine vir kampe te evalueer.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger die vereistes waaraan 'n terrein moet voldoen vir verskillende soorte kampe, ken.
(b) Dat die kursusganger kennis dra van geskikte kampterreine in hul omgewing.

AKTIWITEIT 4: KAMPADMINISTRASIE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger insig te laat bekom in die verskillende fasette van administrasie voor, tydens en na 'n kamp.

STANDAARDE
(a) Dat kursusgangers kennis dra van die verantwoordelihede en take wat behartig word deur die persoon/persone verantwoordelik vir die administrasie op 'n kamp.

AKTIWITEIT 5: BEVELSTRUKTUUR

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger op te lei in die funksionering van die bevelstruktuur van 'n Voortrekkerkamp.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger die samestelling en vernaamste pligte van die kampkomitee sal verstaan.
(b) Dat die kursusganger begrip sal hê van werksverdeling op 'n kamp.

AKTIWITEIT 6: KOSTEBEPALING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om alle aspekte wat ‘n invloed op die koste van ‘n kamp kan hê onder die aandag van die kursusganger te bring.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger kennis dra van faktore wat koste meebring bv. Vervoer, reiskoste, voedsel, terreinhuur, toerusting ens.
(b) Dat die kursusganger die koste per kampganger kan bereken met inagneming van al die faktore.

AKTIWITEIT 7: INSKRYWINGSVORMS

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger bekwaam te maak in die opstel van 'n inskrywingsvorm en inligtingsbrief vir 'n kamp.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger 'n inskrywingsvorm ontwerp wat alle nodige inligting vra.
(b) Dat die kursusganger die inligting wat aan ouers gegee moet word deur middel van 'n inligtingsbrief, kan identifiseer.

AKTIWITEIT 8: TENTE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om kursusgangers ervaring te laat opdoen in die hantering, versoging en inrig van 'n tent, die praktiese inrig en die hou van tentinspeksie.

STANDAARDE
(a) Dat kursusgangers saam met eie kursusgroep 'n weermagtent opslaan, afslaan, kontroleer en verpak.
(b) Dat kursusgangers saam met eie kursusgroep 'n weermagtent inrig met 'n hanggerief en skoenerak volgens voorskrif in Verkennerlewe en gereed maak vir inspeksie.
(c) Dat kursusgangers algemene reëls in verband met versorging van tente en voorsorgmaatreëls teen wind en reën ken.

AKTIWITEIT 9: KAMPUITRUSTING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om kursusganger te laat bepaal vir watter uitrusting voorsiening gemaak moet word by 'n kamp.

STANDAARDE
(a) Dat kursusgangers 'n lys kan opstel van uitrusting wat vir 'n bepaalde kamp benodig word.

AKTIWITEIT 10: VOORTREKKERDOELSTELLINGS

SPESIFIEKE DOELWIT
Om kursusgangers bewus te maak van geleenthede wat kampe kan skep vir die bereiking van die Voortrekkerdoelstellings.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger die verband sal lê tussen basiese kampaktiwiteite en die verwesenliking van die Voortrekkerdoelstellings.

AKTIWITEIT 11: PROGRAMOPSTELLING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te oefen in die tegniek van kampprogramopstelling

STANDAARE
(a) Dat die kursusganger ‘n volledige geballanseerde en doelgerigte program vir ‘n kamp van drie dae vir 100 Voortrekkers kan opstel.

AKTIWITEIT 12: PARADES

(a) **SPESIFIEKE DOELWIT**
Om die kursusganger aan parades op 'n groot kamp te laat deelneem en toepaslike bepalings uit te lig.

STANDAARDE
(a) Dat kursusgangers deel sal hê aan die daaglikse parades op die kamp.
(b) Dat kursusgangers die rol en plek van die kampkomitee op parades sal ken.

AKTIWITEIT 13: KAMPVUUR

SPESIFIEKE DOELWIT
Om kursusgangers op te lei om 'n kampvuurgeleentheid in al sy fasette te hanteer.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger kan toesien dat 'n kampvuur gepak, seremonieël aangesteek, deur die aand aan die brand gehou en geblus word.
(b) Dat kursusgangers die rol van sang en die sangleier by die kampvuur waardeer.
(c) Dat die kursusganger leiding kan gee in verband met kampvuurprogramopstelling en -items.
(d) Dat die kursusganger bewus is van moontlike probleme om 'n kampvuur en weet hoe om dit te hanteer.

AKTIWITEIT 14: KAMPUITLEG

SPESIFIEKE DOELWIT
Om kursusgangers vertroud te maak met die beginsel van kampuitleg.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger die basiese beginsels van kampuitleg kan identifiseer en kan toepas.

AKTIWITEIT 15: KAMPREëLS

SPESIFIEKE DOELWIT
Om kursusgangers die noodsaaklikheid van geskrewe en/of ongeskrewe kampreëls te laat besef.

STANDAARDE
(a) Dat kursusgangers die basiese reëls wat by alle Voortrekkerkampe geld, sal ken.
(b) Dat kursusgangers standpunt inneem vir of teen uitvoerige geskrewe reëls vir 'n kamp.

AKTIWITEIT 16: DISSIPLINE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger toe te rus om probleme wat rondom dissipline op 'n kamp kan onstraan, te hanteer.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger bewus sal wees van moontlike probleme ten opsigte van dissipline wat op 'n kamp kan opduik.
Dat die kursusganger sodanige probleme kan hanteer en veral ook kan probeer voorkom.

AKTIWITEIT 17: GODSDIENS

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger ‘n duidelike besef te laat kry van die belangrike rol van Godsdiens by ‘n Voortrekkerkamp

STANDAARDE
Dat die kursusganger die waarde van formele en informele godsdiensoefeing op ‘n kamp in die nastreef van doelstellings a en b sal begryp.

AKTIWITEIT 18: VOEDSELBEPLANNING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger die verantwoordelikheid van die kampkomitee ten opsigte van voedselvoorsiening te laat verstaan en sy kennis van voedselvoorsiening vir 'n kommandokamp te evalueer.

STANDAARDE
(a) Dat kursusgangers sal besef dat die kampkomitee ook vir die kombuis verantwoordelik is.
(b) Dat kursusgangers 'n spyskaart en hoeveelheidslys vir 'n naweek-kamp kan opstel.

AKTIWITEIT 19: BUITEKOMBUIS EN KOSMAAK IN DIE VELD

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger die geleentheid te bied vir die praktiese inrig en gebruik van ‘n veldkombuis en die hou van kombuisinspeksie

STANDAARDE
(a) Dat kursusganger as lid van sy kursusgroep 'n veldkombuis kan inrig.
(b) Dat kursusgangers as lid van die groep 'n maaltyd, soos voorgeskryf deur die kursusleier, kan voorberei en evalueer.
(c) Dat die kursusganger kombuisinspeksie waarneem.
(d) Dat die kursusgangers kampgeriewe vir ‘n veldkombuis kan maak en kan evalueer.

AKTIWITEIT 20: SANITASIE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger die vereistes ten opsigte van sanitasie op 'n kamp te leer asook die metodes om daaraan te voldoen.

STANDAARDE
(a) Dat kursusgangers die vereistes sal ken waaraan voldoen moet word ten opsigte van sanitasie op 'n kamp waar geen permanente geriewe beskikbaar is nie.

(b) Dat kursusgangers sal weet hoe om tydelike latrines te voorsien.
(c) Dat kursusgangers alle afval op 'n kamp kan hanteer.

AKTIWITEIT 21: NOODHULP

SPESIFIEKE DOELWIT
Om kursusganger die belangrikheid van noodhulpdienste op 'n kamp te laat besef.

STANDAARDE
(a) Dat kursusgangers kennis dra van basiese noodhulptoerusting vir 'n kamp en dit kan gebruik.
Dat kursusgangers die noodsaaklikheid en verantwoordelikhede van 'n geskikte persoon vir noodhulp op 'n groter kamp sal besef.

AKTIWITEIT 22: KAMPBEVEILIGING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vertroud te maak met hoofbestuur se voorskrifte ten opsigte van kampbeveiliging en die praktiese beplanning in verband met veiligheid.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger hoofbestuur se voorskrifte oor kampbeveiliging ken.
(b) Dat die kursusganger kennis dra van veiligheidsvoorskrifte ten opsigte van brandgevaar.
(c) Dat kursusgangers verantwoordeliheid ten opsigte van vuurwapens op 'n kamp kan hanteer.
(d) Dat kursusgangers die elemente van 'n noodplan kan identifiseer en kan evalueer.
(e) Dat kursusgangers die beplanning vir wagstaan tydens 'n kamp kan doen en die verantwoordelikheid van die wagoffisier besef.

AKTIWITEIT 23: RADIO'S

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vaardigheid in die gebruik van draradio's op 'n kamp aan te leer.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger korrekte radio-spraakprosedure gebruik.
(b) Dat die kursusganger 'n radionet kan stig.
(c) Dat die kursusganger die voordele wat radiokontak op kamp inhou, besef.

AKTIWITEIT 24: NAG- EN ROETEMARS

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger geleentheid te gee om 'n nagmars/roetemars uit te werk en aan te bied.

STANDAARDE
(a) Dat kursusgangers 'n nagmars/roetemars vir 'n bepaalde groep vir 'n gegewe tydsduur kan uitwerk met inagneming van die terrein.
(b) Dat kursusgangers 'n nagmars/roetemars kan evalueer.
(c) Dat kursusgangers self deelneem aan 'n nagmars/roetemars.

AKTIWITEIT 25: EVALUERING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger geleentheid te bied om die kursus te evalueer.

STANDAARD

(a) Dat die kursusganer die kursus op die gegewe vorm sal evalueer.
(b) Dat die kursus op 'n gepaste wyse afgesluit word.